**Skriflesing:** 1 Kronieke 29:10-30 Mattheus 6:1-18
Kategismus: **Sondag 52b V/A 128 & 129**
Teks: **1 Kronieke 29: 10-13**
**Sing- Ps. 68:15; Ps. 59:3,5; Ps. 72:11**

**1 Kronieke 29:10-30**

1Ch 29:10 En Dawid het die HERE geloof voor die oë van die hele vergadering, en Dawid het gesê: U sy geloofd, HERE, God van ons vader Israel van ewigheid tot ewigheid.
1Ch 29:11 Aan U, HERE, kom toe die grootheid en die mag en die heerlikheid en die roem en die majesteit, ja, alles in hemel en op aarde; aan U, HERE, kom toe die koningskap en die selfverhoging as Hoof oor alles.
1Ch 29:12 En die rykdom en die eer kom van U, en U heers oor alles; en in u hand is krag en mag, en in u hand is dit om alles groot en sterk te maak.
1Ch 29:13 En nou, onse God, ons loof U, en ons prys u heerlike Naam.
1Ch 29:14 Want wie is ek tog, en wat is my volk, dat ons in staat sou wees om sulke vrywillige gawes te skenk? Want dit kom alles van U, en uit u hand het ons dit aan U gegee.
1Ch 29:15 Want ons is vreemdelinge en bywoners voor u aangesig soos al ons vaders; ons dae op die aarde is soos ‘n skaduwee, en daar is geen verwagting nie.
1Ch 29:16 HERE onse God, hierdie ganse rykdom wat ons berei het om vir U, vir u heilige Naam, ‘n huis te bou—dit kom uit u hand en dit behoort alles aan U.
1Ch 29:17 En ek weet, my God, dat U die hart toets en behae het in opregtheid; ek het in die opregtheid van my hart al hierdie dinge vrywillig gegee; en nou het ek met blydskap gesien hoe u volk, hier aanwesig, vrywillig aan U gegee het.
1Ch 29:18 HERE, God van Abraham, Isak en Israel, ons vaders, bewaar dit vir ewig, so ‘n gesindheid in die gedagtes van die hart van u volk, en rig hulle hart tot U;
1Ch 29:19 en gee aan my seun Salomo ‘n volkome hart om u gebooie, u getuienisse en u insettinge te hou, en om alles te doen en om die paleis te bou wat ek voorberei het.
1Ch 29:20 Daarna het Dawid aan die hele vergadering gesê: Loof nou die HERE julle God. Toe het die hele vergadering die HERE, die God van hulle vaders, geloof; en hulle het gebuig en voor die HERE en voor die koning neergeval.
1Ch 29:21 En hulle het daardie volgende dag slagoffers aan die HERE geoffer en brandoffers aan die HERE gebring: duisend bulle, duisend ramme, duisend lammers, met die drankoffers daarvan, en slagoffers in menigte vir die hele Israel.
1Ch 29:22 En hulle het dié dag geëet en gedrink voor die aangesig van die HERE met groot blydskap, en Salomo, die seun van Dawid, vir die tweede maal koning gemaak en as vors gesalf vir die HERE en Sadok as priester gesalf.
1Ch 29:23 So het Salomo dan op die troon van die HERE gaan sit as koning in die plek van sy vader Dawid, en hy was voorspoedig; en die hele Israel was hom gehoorsaam.
1Ch 29:24 En al die owerstes en die helde en selfs al die seuns van koning Dawid het hulle aan koning Salomo onderwerp.
1Ch 29:25 En die HERE het Salomo buitengewoon groot gemaak voor die oë van die hele Israel, en Hy het ‘n koninklike majesteit op hom gelê wat op geen enkele koning oor Israel voor hom gewees het nie.
1Ch 29:26 So was dan Dawid, die seun van Isai, koning oor die hele Israel;
1Ch 29:27 en die dae wat hy oor Israel geregeer het, was veertig jaar; in Hebron het hy sewe jaar geregeer, en in Jerusalem het hy drie en dertig geregeer.
1Ch 29:28 En hy het in goeie ouderdom gesterwe, afgeleef, vol rykdom en eer, en sy seun Salomo het in sy plek koning geword.
1Ch 29:29 En die geskiedenis van koning Dawid, die vroeëre en die latere, kyk, dit is beskrywe in die Geskiedenis van die siener Samuel en in die Geskiedenis van die profeet Natan en in die Geskiedenis van die siener Gad,

1Ch 29:30 saam met sy hele koningskap en sy heldedade en die tye wat oor hom en oor Israel en oor al die koninkryke van die lande heengegaan het.

**Mattheus 6:1-18**

Mat 6:1 Pas op dat julle nie jul liefdadigheid voor die mense bewys om deur hulle gesien te word nie; anders het julle geen loon by julle Vader wat in die hemele is nie.
Mat 6:2 Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.
Mat 6:3 Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie,
Mat 6:4 sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde.
Mat 6:5 En wanneer jy bid, moet jy nie wees soos die geveinsdes nie; want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die hoeke van die strate te staan en bid, om deur die mense gesien te word. Voorwaar Ek sê vir julle dat hulle hul loon weg het.
Mat 6:6 Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.
Mat 6:7 En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word.
Mat 6:8 Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra.
Mat 6:9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
Mat 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
Mat 6:11 gee ons vandag ons daaglikse brood;
Mat 6:12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
Mat 6:13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.
Mat 6:14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.
Mat 6:15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.
Mat 6:16 En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg.
Mat 6:17 Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig,
Mat 6:18 sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

## Sondag 52 V/A 128 en 129

**128 *Vraag*: Hoe sluit jy jou gebed af?**
**Antwoord: *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid*. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).**
***(a) Rom 10:12; 2 Pet 2:9. (b) Joh 14:13; Jer 33:8, 9; Ps 115:1.***

**129 *Vraag*: Wat beteken die woord *Amen*?**
**Antwoord: Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (a).**
***(a) 2 Kor 1:20; 2 Tim 2:13.***

**Skriflesing:** 1 Kronieke 29:10-30 Mattheus 6:1-18
Kategismus: **Sondag 52b V/A 128 & 129**
Teks: **1 Kronieke 29: 10-13**
**Sing- Ps. 68:15; Ps. 59:3,5; Ps. 72:11**

Geliefde broeders en susters- In die laaste deel van die gebed wat Jesus ons geleer het, staan 'n hoogtepunt. 'n Lof verheffing aan God. *Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid* en dan die afsluiting met die woord...*Amen.* Die Onse-Vader gebed wil nie eindig in die benoudheid van die Bose soos ons verlede keer daarna gekyk het nie, maar die gebed eindig in God se heerlikheid. In die woorde sit die klanke van geluk, geluksaligheid. Die gebed eindig in 'n lied met oorwinnings klanke. In al ses die verskillende bedes wat ons dwarsdeur hierdie gebed tot God gebid het, het ons al ons nood en sorge voor ons Hemelse Vader blootgelê. Ons kon ALLES van God vra. Ons het ons geestelike en liggaamlike behoeftes in die hande van God ons Vader gelê.

Wanneer ons vir alles gebid het dan het ons koninklik, priesterlik en profeties ons hoofde, ons hande, ons harte na God uitgesteek. Ek bied u koninklik my hoof, want aan U behoort die koninkryk. Ek bied u priesterlik my hande, want alles wat ek in u diens priesterlik moet doen, daarvoor kan ek by u die krag ontvang. Ek bied u profeties my hart, want alles wat ek as profeet kan uitdra en verkondig, dit is enkel en alleen heerlikheid. Daaraan is geen einde nie. Die hoogte, die diepte, die lengte, die breedte van u koninkryk, van u mag, van u heerlikheid kan nie gemeet word nie. In die eeue van die eeue, tot in ewigheid is dit só.

***

Hierdie loflied van die oorwinning begin deur van God se koninkryk te praat. So vroeg soos in die tweede bede het ons al vir God gevra – *Laat U koninkryk kom.* Dit is die koms van God se koninkryk wat alles beheers. Ons hele lewe, die wêreld se bestaan, die ganse geskiedenis, selfs die hele Bybel word beheers deur die feit dat God se koninkryk kom. Hier aan die einde van die gebed dan besef ons, maar dit is die koms van God se koninkryk wat die ONSE-VADER gebed oorheers. Twee keer het ons vir God sy koninkryk genoem. Die koninkryk is REEDS HIER, maar die koninkryk is NOG NIE ten volle hier nie. Die *nog nie* van die koninkryk vra ons van die Here – *Laat U koninkryk kom…..*Die *reeds hier* van die koninkryk besing ons met die lof…..*Want, aan U behoort die koninkryk.* Die woordjie, WANT gee vir ons die rede waaroor

alles gaan. Alles moet op die einde vir ons om God se koninkryk gaan, Sy mag, Sy heerlikheid, maar selfs God se mag en heerlikheid begin by God se koninkryk.

***

Die begin van God se koninkryk lê by God SELF, maar die begin van God se koninkryk vir ons as mense om dit te sien en te beleef is nie altyd so maklik nie. Waar en hoe moet ek nou altyd na God se koninkryk SOEK. Die Here het vir sy kinders in die Bergrede al geleer – Mattheus 6:33 *Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word….*Die begin van God se koninkryk vir my as mens moet ek in my hart soek. Nêrens anders as hier binnekant my nie! Hier op die vlees tafels van my hart het God sy Wet geskryf. Op dieselfde vlees tafels is waar God sy koninkryk vir my begin. Ons wat die koninkryk in ons hart ronddra, kan weet God het my verlos. God se koninkryk in my is enkel goed en reg soos Hy. Met ’n lewe van daaglikse bekering het God die Satan van die troon van my hart afgestoot en God het sy heerskappy binne my begin.

En geliefdes, wanneer ons dit vir mekaar sê, dan is dit wat die woordjie salig beteken. Salig beteken om uitermate gelukkig te wees. Dit is die jubelende erkenning dat iemand in ’n toestand van geluk is. Geluk is iets waarna enige mens soek. Die afsluiting of afronding van die Onse-Vader gebed maak die gebed dan ’n gebed van saligheid. Die geluk het nou aangebreek, ’n allesomvattende geluksaligheid is die laaste lofverheffing van die gebed. Ons hoef nie na geluk te soek nie. Die geluk is binne ons, in ons harte, vandaar waar ons ook die gebed tot God kan bid. Hoe gelukkig is ons om elke keer vir God te sê – *Want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid.*

***

Jesus het met die begin van die bergrede met die mense se harte en geluk begin. Nege keer sê Jesus SALIG….SALIG. *Salig is die wat arm van gees is….Salig is die wat treur…Salig is die sagmoediges….*Die bergrede word genoem die GRONDWET VAN GOD SE KONINKRYK. Die Onse-Vader gebed vorm juis deel van Jesus se preek daar teen die berghang. Hierdie grondwet van die koninkryk, m.a.w. die bergrede begin nie in Mattheus 5 met die woorde jy moet of jy mag nie. Néé, die wet begin met die woordjie salig. Ons het gehoor tot nege maal toe.

Hierdie besondere geluk, hierdie saligheid, kan ons vergelyk met die geluk van koning Dawid toe Dawid aan die einde van sy lewe die vooruitsig gehad het dat Salomo, sy seun die tempel sal bou. Baie van die woorde wat Dawid in 1 Kronieke 29 in ’n loflied aan die Here opdra oorvleuel met die slotwoorde van die Onse Vader. Dawid, die ou krygsman vir wie dit nie beskore was om die tempel te bou nie, loof God by die vooruitsig dat sy seun dit sal doen – *U sy geloofd, HERE, God van ons Vader Israel van ewigheid tot ewigheid. Aan U, Here kom toe die grootheid en die mag en die heerlikheid en die roem en die majesteit, ja, alles in hemel en op aarde, aan U Here, kom toe die koningskap en die self verhoging as Hoof oor alles. En die rykdom en die eer kom van U en U heers oor alles; en in u hand is krag en mag en in u hand is dit om alles groot en sterk te maak. En nou, onse God, ons loof U en ons prys U heerlike Naam.* Toe Jesus, Hy wat óók die Seun van Dawid genoem word die gebed afsluit is die woorde baie dieselfde as waarmee Dawid op sy ou dag die Here geloof het.

***

Aan God behoort nie net die koninkryk nie, maar ook krag. Krag is seker die mees gesogte artikel op die wêreldmark. Indiwidue en volke probeer voortdurend om meer krag te kry. Politiek is maar ’n voortdurende krag-of magstryd. Met krag wil mense presteer, daarmee word oorlog gemaak, ontsag en vrees wil mense gewoonlik met krag inboesem. In die moderne wêreld is daar ’n geweldige wedloop om krag op alle moontlike gebiede.

Met die gebed dat aan God alle krag behoort, dan kom daar ’n balans. Hiermee sê ons nie net dat die meeste of die grootste krag aan God behoort nie, maar die volheid van krag kom van God af. God het die meeste, die grootste van krag, God skep krag, die volheid van krag kom van God af. Almal wat enigsins krag het, het dit van God ontvang. In die Grieks is die woord wat met krag vertaal word, die woord “dunamis”. Dunamis dui op die vermoë om werklik iets te doen. En dit is werklik hoe God werk. Met die skepping het Hy net gespreek en sy stem het die krag om alles te skep. Die aarde, die son, die maan, die sterre, die heelal, so groot dat niemand ’n idee daarvan het nie, dit dui op die dunamis, die krag van God. Dunamis is waar ons woorde dinamies en dinamiet vandaan kom. God se krag is dinamies, God se krag is dinamiet. Alle dinamiet behoort nie net aan God nie, die volheid van dinamiet kom van God af. Daarom sê ons aan God aan u behoort alle krag, die krag waarmee die dunste spinnekop web draadjies geweef word, die krag wat in vulkaniese berge skuilhou. Krag is dan ook nie net vaag, abstrak, verskrik, onpersoonlik

nie, God kan dit persoonlik maak. Hy skenk Persoonlik aan die mens sy krag. In Jesaja 40 staan dit so duidelik dat die *jonges word moeg en mat; en die jongmense struikel selfs; maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag…..*

Paulus kon ook in sy blydskaps brief, die Filippense-brief uitroep – *Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee* (Fil. 4:3). Hoe gelukkig, hoe salig is ons om in God se krag vir Hom te sê – AAN U BEHOORT DIE KRAG.

***

In die besef van God se krag wil ons dan ook oor God se heerlikheid praat. *Aan U behoort die heerlikheid*…..Die heerlikheid van God wat selfs sonder krag of geweld kan bestaan. Jesus praat oor die heerlikheid van die lelies, dat Salomo in al sy prag en heerlikheid nie eenkeer so mooi geklee was soos die lelies van die veld nie. ’n Lelie met sy heerlikheid die een dag, die volgende dag het dit verdor, dit is weg, dit word in die vuur gegooi, dit verbrand. Met krag of geweld kan ons nie die lelie ’n dag langer laat lewe as wat dit sal lewe nie. Dan het God al klaar reeds weer ’n ander lelie, ’n ander blom met dieselfde heerlikheid ingekleur. Die mooie, die aangename, die stralende, al die pragtige kleure en patrone, hoe mooi die berge kan wees, hoe die see kan lyk, die ligkranse waarin die son kan opkom en ondergaan, die prentjie mooi patrone wat wolke in die lugruim teken, dit alles kom van God af. Tog as ’n mens oor heerlikheid begin wonder, dan is dit duidelik ons mense het daarvan nog nie die volle idee nie.

***

Oor God se koninkryk en oor God se krag kan ’n mens heelwat meer sê as oor die heerlikheid wat by God bestaan. Op hierdie aarde, in hierdie bedeling waarin ons leef is God se heerlikheid nog baie versluier. Ons weet God bewoon ’n ontoeganklike lig, maar die heerlikheid wat daar met God in die lig is, is ontoeganklik. Christus het daarheen opgevaar, opgevaar in heerlikheid na God se heerlikheid met hemelvaart. Soveel heerlikheid bestaan rondom ons, maar dit is duidelik dat dit maar ’n klein deeltjie is van die groot heerlikheid wat nog kom.

***

Soos wat die tye al hoe moeiliker sal word, omdat die Antichris in al hoe sterker gedaante en gestalte nie net in politieke strominge en krag sal werk nie, maar daar openlik die mense sal wees wat die antichristelike mens en kragte en strominge sal verheerlik. In daardie tyd sal die gelowige mense na God se heerlikheid die meeste verlang. Die kerk sal al hoe meer die behoefte

ontwikkel, hoe min ons op die einde hier op aarde mag wees wat aan God behoort, om dan te sing van God se oorwinning.

Die heerlikheid van die nuwe stad is wat God op die einde vir ons belowe. Die beelde van pragtige edelstene word gebruik om die heerlikheid daarvan te beskryf. Die stad word beskryf sou dit wees geheel en al deursigtig soos kristal en van binne straal die lig van God se heerlikheid duisende maal fyner as sonlig. Uiteindelik sal alles in die stad op die nuwe aarde een groot uitstalling van God se heerlikheid wees. God Self sal daar alle heerlikheid oortref, die wonderlikste is dat God Self die HEERLIKHEID sal wees. Dit is dan vir ewig. Geen einde kan daar weer kom nie. So kry die Onse-Vader gebed dan ook ’n einde in ewigheid.

***

En dan kom die amen. Amen is geen stopwoord nie. Amen is nie maar net ’n woord om te sê dit is nou klaar, alles is verby, hou nou maar op nie. Die Amen, volgens ons belydenis beteken – **Dit is vas en seker, want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer.** In die Hebreeus het die betekenis van die woord AMEN dieselfde betekenis wat ons met die woord GELOOF vertaal. Geloof volgens ons belydenis is ’n gewisse kennis, dit is ’n vaste vertroue. Die AMEN op die einde wys terug, dit bevestig hierdie gewisse kennis en vaste vertroue waarmee ons in die geloof tot God moet bid. Hy wat sonder geloof bid, sonder amen bid staan in Jakobus 1 soos ’n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesleep word.

Alleen ’n gelowige mens mag amen sê. Dit laat ’n mens wonder hoeveel gebede op hierdie aarde al gebid is waar mense eintlik nie “*amen”* mag gesê het nie. Hy wat nie glo nie moet nie amen sê nie, want so ’n lewe het nie ’n amen nie. By so iemand is daar geen vastigheid en sekerheid nie. Hy is ’n brander, ’n golf van die see. Die woord AMEN is ’n woord wat Jesus baie keer op aarde op sy lippe geneem het. Sovele kere sê Jesus – *Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle……*In die Grieks staan daar dan eintlik, *Amen amen, Ek sê vir julle…..*Hiermee bevestig Jesus net dit wat Hy gaan sê. Jesus bedoel dat dit wat ek nou gaan sê is waarlik so. As ’n mens net amen sê dan beteken dit dat ek alreeds in die Naam van Jesus Christus na God kom.

Mag die prediking uit die Kategismus, waar ek die Kategismus ’n tweede maal in hierdie gemeente deurgewerk het, waarlik en sekerlik van God afkom. Mag daarby die *amen* gevoeg word. Mag God die krag en die genade gee om sy Woord wat sy dienaars week na week moet oopmaak, dat daarby die *amen* gevoeg mag word.

In Jesus sluit ons, ons belydenis, ons Kategismus af. ’n Belydenis wat begin het met ’n vraag, die troos vraag…….**Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?** Toe was ons antwoord Jesus Christus! Vir baie weke waarin God ons getroos het en wou troos is ons vandag by die einde van ons belydenis. Die belydenis waarin God se TROOS ons saligheid beteken. Die einde van die belydenis wil u nie net troos nie, dit wil u gelukkig maak. *Salig* (gelukkig) *is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele……*Mag Jesus u troos, mag Jesus u beker van geluk volmaak, dit deur sy kerk se belydenisskrifte. Belydenisskrifte waarby ons nog altyd weer getroos kan word, daarin lê soveel ware geluk.

AMEN